# Sendingwetenskap vir die derde millennium - Deel I*

P G J Meiring
(UP)

**ABSTRACT**

**Missiology for the third millennium**

*Not only missions, but also the study of the Science of Mission, Missiology, continually finds itself under close scrutiny. Reacting to the many questions in this regard, the author reflects on three main themes: 1) What place - if any - should be awarded to Missiology within a Theological curriculum?; 2) What constitutes Missiology's unique nature and content?; 3) Which are the challenges facing missiologists on the eve of the Third Millennium? Referring to the last theme, five specific issues to be published as Part II of the article in a next edition of this magazine, are tabled: Missiology's theological point of departure, its relationship with the church, its context (in this case, Africa), the quest for a relevant agenda, and the methods it chooses to apply.*

## 1 ADDIS ABEBA, MEI 1980

Dit was die 28ste Mei 1980. Die Afrika-ouditorium in die stad Addis Abeba het gepak gesit. Vanuit elke land op die kontinent, maar ook vanoor die hele wêreld, het hulle gekom: politici, kerkleiers, studente, televisiemense, radiospanne, joernaliste. Opgewonde is daar gepraat en gespekuleer. Een van die belangrikste hofsittings van die eeu sou 'n aanvang neem.

Dit het alles drie maande tevore begin - so vertel die Duitse sendingkundige Walbert Bühlmann wat die fiktiewe, maar hoogs interessante verhaal neergeskryf het - toe die afgevaardigdes na die jaarlikse sitting van die Organisasie vir Afrika-Eenheid op die unieke gedagte gekom het om die sending voor die gereg te daag[1]. Nie hier en daar 'n persoon nie, maar die hele Christelike sending, al die mense, al die kerke, al die organisasies, tesame.

*Intreerede gelewer op 23 November 1995 by die aanvaarding van die Hoofskap van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap, Teologiese Fakulteit (Afdeling B), Universiteit van Pretoria. Die tweede deel van die artikel wat oor die spesifieke uitdagings wat op die Sendingwetenskap wag, word as Deel II in 'n volgende uitgawe van die tydskrif geplaas.

Want, het die OAE gesê, vir vyf honderd jaar is die sending in Afrika bedrywig. Die stroom van mans en vroue wat veral uit die Weste hul opwagting gemaak het, het 'n onuitwisbare indruk op Afrika gemaak. Hulle invloed op feitlik alles wat op die kontinent gebeur het, kan nie weggedink of weggewens word nie. Daar was heelwat goeie dinge wat hulle gedoen het, maar, het die Afrika-leiers gemeen, ook heelwat dinge wat tot skade gelei het. Vir eens en vir altyd moes die saak uitgemaak word: was die werk van die sending goed of sleg? Moet die sendelinge gevra word om aan te gaan met hul werk, of moet hulle vriendelik versoek word om die kontinent te verlaat?

En nou het die oomblik van waarheid aangebreek. Nadat die regters, die sogenaamde Raad van Wyse Manne, hul plek ingeneem het, het die hofsitting begin. Eers het die aanklaers kans gekry om hul saak te stel. Uit werklike dokumente, boeke en artikels wat die afgelope jare verskyn het, het Bühlmann die aanklagte geformuleer. Politici, sosioloë, historici, opvoedkundiges en ook 'n paar radikale teoloë is om die beurt aan die woord gestel. Toe kon die verdediging begin: dié keer 'n paar sendelinge, 'n groepie kerkleiers, 'n handjievol gewone gelowiges, selfs 'n politikus of twee. Laaste aan die woord was niemand minder nie as die destydse voorsitter van die OAE, president Julius Nyerere van Tanzanië, wat 'n ernstige pleidooi ten gunste van die sendelinge gelewer het.

Veertien dae lank is die getuienis aangehoor en toe moes die uitspraak kom. Die spanning het tussen die dokumente en mikrofone op die tafels gelê. Wat gaan die bevinding wees? Die eerbied-waardige heer Sinajina, voorsitter van die Raad van Wyse Manne, het sy keel skoongemaak, sy bril opgesit en die uitspraak begin lees...

## 2 DIE SENDING EN DIE SENDINGWETENSKAP IN DIE BESKULDIGDEBANK

Maar voordat die uitspraak bekend gemaak word, is dit nodig om - sy dit buite die hofsaal - op 'n wandeling te gaan. Want die vrae en verwyte wat Bühlmann aan die orde gestel het, was nie tot Addis Abeba beperk nie.

Gedurende die afgelope dekades het méér mense - persone en instansies wat aan die stuurkant van die sending, sowel as aan die ontvangkant gestaan het, met bekommernisse en probleme na vore gekom. Waar die kerk van die Here Jesus onafgebroke vir negentien honderd jaar met groot entoesiasme sending bedryf het, sonder om te veel vrae te stel, het dinge na afloop van die Tweede Wêreldoorlog dramaties verander. In die kringe van veral die ekumeniese kerke is ernstige selfondersoek gedoen: Weet ons

wat ons doen? Waarom ons dit doen? Het ons al die gevolge van ons sendingaksie bepaal? Dit was veral ná die debakel in Sjina, toe talle Amerikaanse sendelinge na die Kommunistiese oorname in 1949 die land uitgesit is, dat talle sendingorganisasies en kerke hul selfvertroue begin verloor het. "Christian Mission and the Judgement of God" (1953), was die onrusbarende titel van die boek waarin David Paton die gebeure beskryf het. Kort daarna, tydens die opening van die wêreldsendingkonferensie te Ghana in 1958, het die Duitse missioloog Walter Freytag dit so uitgedruk, terwyl hy die Jerusalemkonferensie van die Internasionale Sendingraad met dié van Ghana vergelyk het: "Destyds, in 1928, het die sending probleme gehad; vandag het die sending sélf 'n probleem geword![2]".

Die vrae en bekommernisse sou nie minder word nie. In een enkele jaar alleen, in 1964, het vier boeke uit die penne van vier bekende sendingkundiges verskyn, boeke wat die gees van die tyd duidelik weerspieël het: R K Orchard se "Missions in a Time of Testing", James Scherer se "Missionary, Go Home!", Ralph Dodge se "The Unpopular Missionary" en John Carden se "The Ugly Missionary". 'n Klompie jare later (1981) sou James Heissig die saak nog donkerder stel, toe hy van sending as "the selfish war" begin praat het.

In talle Derde Wêreldlande is dieselfde vrae - met selfs nog meer dringendheid - aan die orde gestel. Die Addis Abeba-verhoor sou ewe goed in Latyns-Amerika, in Asië, of Oseanië kon plaasvind. Maar dit was veral in Afrika dat gedurende die sewentiger en tagtiger jare sterk standpunte ingeneem is. John Gatu, Oos-Afrikaanse teoloog en voorsitter van die sentrale komitee van die All Africa Conference of Churches, het met sy moratorium-oproep in 1974, nie net talle sendelinge geskok nie, maar derduisende ondersteuners gevind. Vir vyf jaar lank, het Gatu gepleit, moet alle Westerse sendelinge hul aan Afrika onttrek. Die Westerse kerke is besig om met al hul rykdom en tradisie, hul teologie en hul mannekrag, die kerke in dié deel van die wêreld te versmoor. Gee Afrika en sy mense, sy kerke, 'n kans om hulself te ontdek, om hul eie sake te reël!

Nie net Afrika nie, het die Filippynse Metodis Emerito Nacpil laat hoor. Dieselfde geld van Asië. Wat nodig was, was niks minder as die eutanasie van die huidige sendingstrukture nie: "The most missionary service a missionary under the present system can do today in Asia, is to go home![3]".

In ons eie land sou veral die debatte wat rondom die verskyning van die "Kairos-dokument" (1980) en die latere "The Road to Damascus" (1988) met die vlymskerp kritiek wat nie net teen die verskillende kerke en teologiese tradisies uitgespreek is nie, maar veral ook teen die sending van

die kerk en die optrede van die sendelinge, heelwat aandag trek. In ekumeniese kringe het sendelinge 'n bedreigde spesie geword!

In die geledere van die evangeliese kerke het dinge egter totaal anders verloop. Met onverminderde sendingywer was en is duisende mans en vroue - korttermyn en langtermynsendelinge - die afgelope dekades besig om die evangelie van Jesus Christus te verkondig, nie net in Afrika, Asië en Latyns-Amerika nie, maar ook weer in die Weste, in die lande van die ou "Christelike" Europa, wat stelselmatig in 'n "post-Christelike" Europa verander het. Wêreldwye konferensies word gehou, waarheen duisende gelowiges stroom. By een sodanige konferensie, 'n reusesaamtrek van studente in die Olimpiese Stadion in Seoul, Korea (Mei 1995) het uit 'n skare van 80 000 mense, nie minder nie as 73 000 aangemeld vir sendingdiens! Elke jaar word nog nuwe sendingorganisasies gestig, om by die ongeveer 18 000 wat reeds in die wêreld aan die werk is, gevoeg te word. Talle van die nuwe sendelinge en organisasies kom uit Derde Wêreldlande - 35,6% van die totale Protestantse sendingmag, om presies te wees. Na berekening sal die persentasie teen die jaar 2000 reeds op 55,5% staan[4].

Dis nie dat die evangeliese, Pinkster- en Charismatiese sendingorganisasies in hul ywer die probleme waarmee hul ekumeniese kollegas worstel, minag nie. Inteendeel, hulle neem dit ernstig op. Maar hulle laat hulle nie daardeur afskrik nie. Want die Derde Millennium lê om die draai en daar is werk wat gedoen moet word. Teen die jaar 2000 het Ralph Winter, vader van die Church Growth-beweging verklaar, moet die laaste oorblywende "people group" op aarde die geleendheid kry om die evangelie te hoor. Nodeloos om te sê dat die vrolike optimisme en aktiwisme van die "evangelicals" onder ekumeniese groepe talle ernstige, soms selfs geïrriteerde, vrae oproep.

Met al hierdie ontwikkelinge moet die Sendingwetenskap deeglik rekening hou. Die Sendingwetenskap is dié dissipline wat die sendingarbeid van die kerk teologies en krities moet begelei - en as die sending van die kerk onder skoot kom, spreek dit vanself dat dit ook met die Sendingwetenskap sal gebeur. As die sending met skynbaar onoplosbare probleme te make het - of as die sending, soos sommige dit sien, salig onbewus van baie van die probleme onverstoord op sy pad voortjaag - raak dit ook die Sendingwetenskap. Geen wonder nie dat, net soos dit die geval met die sending van die kerk was, ook die Sendingwetenskap in ons tyd voor die hof gedaag word. Uit talle geskrifte en monografieë, uit besluite van kerke en konferensies, uit verstellings wat aan die leerplanne en personeelstrukture van teologiese fakulteite en seminaries aangebring word, is dit duidelik: ook die Sendingwetenskap staan in die beskuldigdebank van

Addis Abeba. Ook oor die Sendingwetenskap sal uitspraak gelewer moet word.

Om enigsins vir 'n gunstige oordeel te beding - sy dit dan nie voor die Raad van Wyse Manne van die OAE nie, maar wel voor die Wyse Manne van die Akademie en die Kerk in wie se diens die vak beoefen word - sal daar vir ten minste drie vrae antwoorde gesoek moet word: Eers, het die Sendingwetenskap hoegenaamd 'n plek binne die teologiese wetenskap? Tweedens, wat presies is die inhoud en die eie aard van die Sendingwetenskap? En derdens, watter belangrike uitdagings wag daar op die Sendingwetenskap op weg na die jaar 2000?

## 3 DIE SENDINGWETENSKAP BINNE DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT

Die sending is "die moeder van die teologie" was David Bosch lief om te sê. Die vroeë kerk, die Kerk van die Nuwe Testament, was deur en deur 'n missionêre kerk. In 'n vreemde, nuwe wêreld moes die eerste Christene hul geloof in Jesus Christus leer verstaan en uitleef, moes hulle getuies van sy heil wees. Die geskiedenis van die eerste kerk is niks anders as sendinggeskiedenis nie; die teologie van die Nuwe Testament, sendingteologie. As getuies haal Bosch 'n aantal vooraanstaande Nuwe Testamentici aan, onder andere Heinrich Kasting wat van die eerste gemeentes skrywe: "Mission was in the early stages, more than a mere function; it was a fundamental expression of the life of the church. The beginnings of missionary theology are therefore also the beginnings of Christian theology as such"[5].

Vir sendingwetenskaplikes is dit nie nuus nie. Die beskrywing van die sending as die moeder van die teologie, is al oud. Negentig jaar gelede het Martin Kähler dit reeds gebruik. Teologie, het hy verduidelik, was nie die luukse van 'n wêreldoorheersende kerk nie, dit was die begeleidende manifestasie van die Christelike sending. Die Nuwe-Testamentiese skrywers was nie geleerdes wat rustig navorsing kon doen voordat hul hul pen op papier gesit het nie. Hulle het in 'n noodsituasie opgetree, in 'n tyd toe die kerk as gevolg van sy ontmoeting met die wêreld, gedwing was om te teologiseer, toe Christene geforseer was om vir hulleself rekenskap te gee van die vraag: wat het die evangelie vir die wêreld waarin ons leef, te sê? "The gospels in particular", sê Fiorenza, "are to be viewed not as writings produced by a historical impulse but as expressions of an ardent faith, written with the purpose of commending Jesus Christ to the Mediterranean world"[6].

Dat sending die moeder van die teologie is, beteken egter nie dat die Sendingwetenskap vanselfsprekend 'n plek binne die Teologiese Fakulteit sou verwerf nie. Die kerk sou vir goed agtien honderd jaar besig wees met die praktyk van sendingwerk voordat ernstige akademiese en kritiese besinning oor die sending aan teologiese fakulteite en seminaries 'n eie plek sou verwerf. Die geskiedenis van hoe dit uiteindelik gebeur het, is noukeurig deur die Noorweegse missioloog, O G Myklebust, in sy tweedelige "The Study of Missions in Theological Education" opgeteken[7]. Die probleem was hoe om die Sendingwetenskap tussen die ander teologiese vakke te akkommodeer, hoe om aan die "moeder" tussen die "dogters" 'n eie staanplekkie te gee.

Die eerste strategie was om die Sendingwetenskap onder een van die klassieke vakrigtings - die Bibliologiese, Dogmatologiese, Ekklesiologiese en Diakonologiese - te probeer inpas. Vir baie jare was die sogenaamde "viervoudige patroon" sakrosankt, en om buite die vier rigtings 'n vyfde in te pas, sou eenvoudig nie deug nie. Allerlei moontlikhede is bepleit. Schleiermacher, en op sy voetspoor talle ander, onder meer Abraham Kuyper en J H Bavinck, ook die Katoliek Karl Rahner, wou die sending van die kerk onder "Praktiese Teologie" behandel. Interessant genoeg het Schleiermacher ook uitvoerig in sy "Etiek" aan die sending (wat hy as een van die kultuurpligte van die kerk beskou het) aandag gegee.

In Engeland was John Forster van mening dat Sendingwetenskap streng gesproke onder "Kerkgeskiedenis" tuishoort, 'n standpunt wat C Mirbst in Duitsland en die bekende K S Latourette in die Verenigde State, met hom gedeel het.

Enkele jare gelede het H Diem 'n saak daarvoor uitgemaak dat Sendingwetenskap onder die "Dogmatiek" behandel behoort te word, meer bepaaldelik wanneer die Triniteitsleer en die Eskatologie aan die orde gestel word. Walter Holsten het saamgestem - en so ook, hier ten lande, J Alex van Wyk, wat verklaar het dat as ons aanvaar dat die apostolaat en die sending tot die wese van die kerk behoort, die sending nie onder die praktiese vakke ter sprake moet kom nie maar in die dogmatiek, in die leer van die kerk[8].

'n Tweede strategie was om aan die Sendingwetenskap 'n eie plek binne die Teologiese wetenskap toe te ken. Dit sou beteken dat die klassieke "viervoudige patroon" deurbreek moes word, iets wat byna ondenkbaar was. Namate die sendingentoesiasme gedurende die 19de eeu gegroei het, het die druk egter op universiteite toegeneem: Sendingwetenskap moes as 'n selfstandige vakgebied doseer word.

Charles Breckenridge was die eerste persoon om as dosent in sowel Sendingwetenskap as Pastorale Teologie aangestel te word (Princeton,

1836). Die eerste voltydse professor in "evangelistic theology" (soos dit toe genoem is) was Alexander Duff, vermaarde Skotse sendingpionier in Indië, wat sedert 1867 aan New College, Edinburgh, sy vak beoefen het. In dieselfde jaar het Carl Plath in Duitsland en ook Rufus Anderson in Amerika begin om aan verskeie universiteite voordragte in Sendingwetenskap te begin hou. Dit was egter Gustav Warneck, missioloog aan die Universiteit van Halle (1896-1910) wat daarvoor gesorg het dat die Sendingwetenskap in akademiese kringe as 'n vakwetenskap in eie reg erken is. In 1910 is die eerste Katolieke leerstoel in Sendingwetenskap aan die Universiteit van Munster ingestel, met Josef Schmidlin as eerste professor.

Na die Edinburgh-vergadering van die Internasionale Sendingraad (1910) het belangstelling in die vak só hoog geloop dat leerstoele in sendingwetenskap aan talle universiteite gevestig is. Volgens James Scherer het die vak in die Verenigde State egter eers werklik in die vyftiger jare van ons eeu tot sy volle reg gekom. In Europa en Engeland lyk dit egter asof die belangstelling in ons vak die afgelope twintig jaar aan die afplat is, asof daar selfs 'n insinking ingetree het[9].

Wat teologiese opleiding in die Ned Geref Kerk betref, het die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria reeds in 1953, en dié aan die Universiteit van Stellenbosch in 1958, eie volwaardige departemente vir Sendingwetenskap gekry. In 1981 met die totstandkoming van die Teologiese Fakulteit te Bloemfontein, is ook daar 'n afsonderlike leerstoel in Sendingwetenskap gevestig.

'n Derde moontlikheid, wat veral in Brittanje aan die orde was, was om Sendingwetenskap nie as afsonderlike vak aan te bied nie, maar om dit in die totale teologiese opleiding te integreer. Van elke dissipline is verwag om die missionêre dimensies van die betrokke vakgebied raak te sien en uit te bou. Hoe goed dié poging ookal bedoel is, oordeel Cracknell en Lamb in 'n studie wat hul oor hierdie derde moontlikheid onderneem het, het dit in die praktyk min vrugte opgelewer[10]. Van die dosente in die ander vakwetenskappe was dit eenvoudig te veel gevra dat hulle bo en behalwe die hantering van hul eie dissipline, hulle ook nog op die missionêre dimensies van hul vakgebied sou ingrawe.

## 4 DIE EIE AARD EN OPDRAG VAN DIE SENDINGWETENSKAP

Met alles wat hierbo reeds gesê is in gedagte, het die tyd gekom om die vraag aan die orde te stel: Wat is die eie aard en die opdrag van die

Sendingwetenskap? As die Sendingwetenskap nie net voor die regbank van die wêreld nie, maar ook in die geselskap van sy eie kollegas aan die teologiese fakulteit, sy posisie moet verduidelik - kan hy?

Volgens prof Dionne Crafford wat jarelank die hoofskap van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap aan die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria beklee het, kan 'n saak vir 'n driedubbele funksie vir die Sendingwetenskap uitgemaak word[11].

Ten eerste het die Sendingwetenskap 'n integrerende funksie. Op die voetspoor van H Bergema, die Nederlandse missioloog, het Crafford verduidelik dat die Sendingwetenskap 'n ellips binne die groter ellips wat al die teologiese dissiplines saambind, vorm. Die verskillende onderafdelings van die vak sluit nou aan by die klassieke teologiese vakgebiede: die Sendingteologie by die Bibliologiese vakke, die Sendingteorie by die Dogmatologiese, die Sendinggeskiedenis by die Ekklesiologiese en die Sendingpraktyk by die Diakonologiese vakke. Op dié manier leun die Sendingwetenskap nie net teen die ander vakke aan en leer van hulle nie, maar bind die Sendingwetenskap die ander dissiplines tot 'n eenheid saam.

Maar, beklemtoon Crafford, die integrerende funksie van die vak is maar één aspek van sy opdrag - en ook nie noodwendig die belangrikste nie.

Ten tweede het die Sendingwetenskap 'n korrektiewe en komplimenterende funksie. Crafford verwys na die standpunt van Manfred Linz wat van Sendingwetenskap as 'n "komplimentar-Wissenschaft" praat, wat die opdrag het om die missionêre dimensie van al die ander vakke uit te lig en aan die orde te stel. Waar die ander vakgebiede in die opsig te kort skiet, moet die Sendingwetenskap 'n voortdurende appel tot hulle rig. J Verkuyl, in Nederland, J A Scherer in die V S A en veral David Bosch, hier ter plaatse, het op dié tema uitgebrei. Die Sendingwetenskap het volgens Bosch 'n duidelike kritiese funksie, waar dit soos suurdeeg binne die teologie werksaam is. In sy "Transforming Mission" het Bosch talle vrae aan die orde gestel wat deur die Sendingwetenskap aan die Bybelse vakke, die Sistematiese Teologie, die Kerkgeskiedenis en die Praktiese Teologie gestel moet word[12]. Bygesê, die Sendingwetenskap het dit net so nodig om na die kritiese vrae wat uit hierdie vakrigtings aan hom gestel word, te luister.

Maar, sê Crafford ook van hierdie funksie, dat alhoewel die Sendingwetenskap seker met vrug hierdie begeleidende rol sou kon speel, dit ook nie die primêre opdrag van die vak is nie. Dit sou meebring dat die Sendingwetenskap meer op die teologie gerig sou wees as op die wêreld - en dit mag nie.

Derdens is daar die rigtinggewende funksie van die vak, wat volgens Crafford die eintlike primêre funksie is. Met die resultate van die studie van die Ou en Nuwe Testament, die Dogmatiek, Kerkgeskienis en Praktiese Teologie tot sy beskikking, rig die Sendingwetenskap hom op die wêreld. Aan 'n wêreld in nood, moet die evangelie van die koninkryk, die boodskap van Jesus Christus in al sy dimensies en met al sy konsekwensies deurgegee word. Die proses van hoe die kerk met sy boodskap na die wêreld beweeg, van die kommunikasie van die evangelie oor allerlei grense heen - taal en kultuurgrense, geografiese, politieke, sosiale, ekonomiese, intellektuele grense, grense van vooroordeel en bo alles geloofsgrense - is só belangrik, en ook só interessant en ingewikkeld, dat dit 'n studierigting van sy eie verdien.

Hoe word Sendingwetenskap aan die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria dus beoefen?

Sendingwetenskap is eerstens die nadenke oor die aard van die heilshandelinge en heilsbedoelinge van die Drie-enige God met die wêreld, wat realiseer met die inbreek van sy Koninkryk in 'n sondige en gebroke wêreld (Sendingteologie);

Dit is in die tweede plek die beskrywing van die wyses of metodes waarop die heil deur die eeue in die wêreld gerealiseer is, deur die planting van kerke en die oprigting van tekens van die koninkryk (Sendinggeskiedenis);

Dit is derdens die vasstelling van die mees doeltreffende maniere waarop die heil van God in die wêreld, en die oordeel van God oor die sonde, deur die kerk as liggaam van Christus en deur die gelowiges as lede daarvan geproklameer, gedemonstreer en gerealiseer kan word (Sendingteorie en -praktyk);

Dit is vierdens teologiese beoordeling van die nie-Christelike godsdienste en van ideologieë wat religieuse afmetings aanneem, wat self hul eie heil aan die mensdom bied (Teologie van die Godsdienste).

Benewens Sendingwetenskap word in ons Departement ook Godsdienswetenskap doseer. Oor die verbinding tussen die twee vakgebiede sal in die toekoms verder besin moet word. Streng gesproke is Godsdienswetenskap nie 'n (Christelike) teologiese dissipline nie en sou die vakgebied eerder in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte tuisgebring behoort te word, as in die Teologiese Fakulteit. Op die oomblik word Godsdienskunde ook binne die Departement Bybelkunde aangebied - en werk kollegas uit die twee departemente by die aanbied hiervan hartlik saam. Dit sou egter goed wees as 'n soortgelyke reëling binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte getref sou kon word om Godsdienswetenskap as

afsonderlike vak aan te bied. Dat daar onder die nuwe studentekorps wat hulle die afgelope tyd aan die Universiteit van Pretoria begin aanmeld het, toenemende belangstelling vir die studie van die godsdienste van Suid-Afrika sal ontwikkel, ly geen twyfel nie. Die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap sal hier graag 'n bydrae wil lewer, ook ten opsigte van nagraadse kursusse.

Maar terug na ons onderwerp, die Sendingwetenskap. Ek wil graag my behandeling van die eie aard en inhoud van die vak afsluit met 'n definisie van Ivan Illich. Op sy eie besondere wyse, in digterlike taal, stel hy dit so:

"(Missiology) is the science about the Word of God as the Church in her becoming; the Word as the Church in her borderline situations; the Church as a surprise and a puzzle; the Church in her growth; the Church when her historical appearance is so new that she has to strain herself to recognize her past in the mirror of the present; the Church where she is pregnant of new revelations for a people in which she dawns...Missiology studies the growth of the Church into new peoples, the birth of the Church beyond its social boudaries; beyond linguistic barriers within which she feels at home; beyond the poetic images in which she taught her children... Missiology therefore is the study of the Church as surprise"[13].

Wat sou nou die oordeel oor die Sendingwetenskap wees? Het die vakwetenskap in sy rol geslaag? Voordat die uitspraak van die Raad van die Wyse Manne bekend gemaak kan word, moet die besondere uitdagings wat op die Sendingwetenskap in die derde millenium wag, onder die loep geneem word. Dit verskyn in Deel II van die artikel wat in 'n volgende uitgawe van *Skrif en Kerk* geplaas word.

## NOTAS:

1 W Bühlmann, *Missionsprozess in Addis Abeda: Berichten von Morgen aus den Archiven von heute*, Frankfurt am Main: Knecht 1977.

2 D J Bosch, *Transforming Mission, Paradigm Shifts in Theology*, Maryknoll 1991, 2.

3 P G J Meiring, *Die Kerk in die Nuwe Afrika*, Kaapstad 1979, 124.

4 J J Kritzinger (red), *On being witnesses*, Halfway House, 1994, 57.

5 Bosch, *a w*, 1991, 15 v.

6 Aangehaal deur Bosch, *a w*, 1991, 16.

7 O G Mycklebust, *The Study of Missions in Theological Education* (2 volumes), Oslo 1955, 1957.

8 J Alex van Wyk, *Die Apostolaat van die Kerk*, Morija 1958, 52.

9 C M Pauw, "Nogeens ruimte vir die Sendingwetenskap in ons teologiese studie" in: J du Preez (red), *Sendinggenade*, Bloemfontein 1986, 73.

10 K Cracknell, C Lamb (eds), *Theology on full alert*, Londen 1986, 26.

11 D Crafford, *Sendingwetenskap Waarheen?* (UP Nuwe Reeks, 249), Pretoria 1989.

12 D J Bosch, *a w*, 1991, 495 v.

13 Aangehaal deur D J Bosch, *a w*, 1991, 493.